# ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

1 Augustus 2013

Dagsê Almal

“Ma, is liewe Jesus ook besig met opleiding by die Polikliniek?” vra Jo-anne ewe snedig gisteroggend vir my by die kombuistafel. Ek laat sak my kop in skaamte maar in my hart is ek opgewonde bly dat sy die oggend bybellees so mis dat sy my daaroor aanspreek. Ek draf met my BAIE seer voete om my Bybel te gaan haal en sê vir haar “Kry julle Bybels dat ons lees.” Weereens ervaar ek dat die werk wat hier gedoen word wel ‘n verskil maak maar veral die geloofswaardes wat ek probeer inskerp. Om ons dag saam sonder God te begin laat ‘n leemte.

7 van die dames – Corlia, Sonja, Ivon, Cynthia, Lizette, Phina en Jenny het begin met opleiding wat vir hulle werk gaan verseker. Al is die inkomste net bietjie meer as R2200 per maand is hulle almal baie dankbaar vir die geleentheid. Hulle word opgelei om “Community Health Workers” (CHW) te word. Dit is so lekker om hulle opgewonde gesiggies te sien as hulle namiddag terugkom van die kliniek af en al sewe wil gelyk vertel van wat hulle geleer het. Na die skok van Maandag toe hulle terugkom met die 1000 bladsy handboek wat hulle moet deurwerk is ek nou dankbaar dat ek so “kwaai” was met almal om hulle te leer van toewyding en volharding. Hulle vaar baie goed en ons paar by die huis – Petro, Bernadine, Jo-anne, Hettie en ek sorg dat die 30 studente en die huis elke dag middagete (teen vergoeding) kry. Dit verg nogal fyn voetwerk en beplanning maar ons “presteer” ook baie goed. Dokter Ellenore Meyer en dr. Anita Rautenbach (albei verbonde aan die Polikliniek) wat aan die hoof staan van hierdie gemeenskapsprojek namens die UP, is die Eljada Huis en mense uiters goedgesind en ons het ‘n pad begin stap waar daar werklik ‘n sigbare verskil gemaak kan word binne die gemeenskap. By die Polikliniek is ook ‘n groentetuin projek begin waar die CHW as leiers optree vir die gemeenskap. Die groentetuin tonnels is klaar opgerig en die groente reeds geplant. My dames wat ook daar betrokke is het omtrent gebuig en hande in die grond gesteek om voorbereiding te doen. Weereens is hulle verantwoordelik en toegewyd aan hierdie taak en sorg dat die groente water kry. “Dankie Here vir hierdie seëninge wat ons ontvang van mense en organisasies, Amen.”

Baie dankie vir die borg van 5 dames vir die oggendtee maar ons benodig nog 15 x R80 groot asseblief. Die dames sien verskriklik uit daarna en dis lekker om hulle bietjie uit die omgewing weg te neem en te bederf.

**NOOD: R 11 000 vir die munisipale diensteheffing, KOS – blikkies & vars, alle toiletware en meubels. Skakel my gerus vir meer besonderhede.**

Eljada Huis groete. Annatjie(012 377 0503 / 0728558289)

**Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001**